# VERKLARING OOR SEXPO

9 Mei 2008

Na konsultasie met dr Braam Hanekom, moderator van die Wes-Kaapse kerk hieroor, en nadat ons beide met ds Rudolf van der Westhuisen van NG Gemeente Ottery gepraat het, reageer ons soos volg:

1. Ons distansieer ons absoluut van die Kaapse Sexpo en soortgelyke geleenthede. Ons meen daar is baie ander meer waardiger maniere om met seksualiteit om te gaan. Die waardigheid en heiligheid van seksualiteit is vir ons 'n onverhandelbare saak.
2. Ons het begrip vir ds Van der Westhuisen se Evangelies-pastorale hart – dat hy deur van die organiseerders, vir wie hy onlangs in die huwelik bevestig het, genader is om hierdie "diens" onder bepaalde voorwaardes te lewer. Ons aanvaar ook sy integriteit, dat hy van die geleenthede (daar het volgens hom twee heteroseksuele huwelike plaasgevind) gebruik gemaak het om die Evangelie te verkondig binne daardie konteks
3. Soos enige gemeenteleraar staan ds Van der Westhuisen onder opsig van die (sy) plaaslike gemeente se kerkraad – in hierdie geval die NG Gemeente van Ottery.

Ons meen egter (en dus) dat hierdie betrokkenheid van 'n predikant van die NG Kerk onwys is/was…

Vriendelike groete
Ben du Toit

**----------**
**Dr Ben du Toit**
Direkteur Kommunikasie: NG Kerk Sinode van Wes- en Suid-Kaap
**Redakteur Elektroniese Kommunikasie Algemene Sinode NG Kerk**
**Parlementêre Lessenaar Algemene Sinode NG Kerk**
Privaatsak x8, Bellville, 7535
Tel: (021) 957-7196; Fax: (021) 957-7197
**Sel: 082-3328700** **bendutoit@kaapkerk.co.za**